

Maandag 5 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-8, 20, 33-38

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:20, 36; HK Sondag 22, Vraag 57

Die sekerheid van die opstanding uit die dood

Omdat ons opstanding uit die dood moontlik gemaak is deur Christus se opstanding uit en oorwinning oor die dood, moet ons volle sekerheid hê dat Christus wel uit die dood opgestaan het. Volgens 1 Korintiërs 15:3-8 het ons wel die sekerheid, want Paulus sê *eerstens* dat meer as 500 mense getuies was dat Christus uit die dood opgestaan het (1 Tim. 5:19).

Nou gaan Paulus egter verder en wys in die *tweede plek* op 'n ander aspek van die saak wat nog verder aan ons sekerheid moet gee dat ons uit die dood sal opstaan. Hy sê: “Christus is opgewek uit die dood as *eersteling* van die wat gesterf het” (1 Kor. 15:20). Die woord *eersteling* is ontleen aan die wette wat die Here deur Moses aan Israel gegee het. Daarvolgens moes Israel die eerstelinge van die nuwe oes (die eerste gerwe, die eerste brode wat gebak is met koring van die nuwe oes) as 'n offer aan die Here bring (Eks. 23:19; 34:26; Lev. 2:12; 23:10, 17, 20; Num. 15:20, 21). Deur dié daad word te kenne gegee dat die hele oes waarvan die eerstelinge geoffer word, aan die Here gewy word.

So is dit nou ook met Christus in sy opstanding, hoewel die optrede van Christus as eersteling nie maar net 'n gebaar is nie, maar 'n daad van oorwinning oor die dood vir Homself en almal wat in Hom glo. Juis die woord *eersteling* toon dat Christus nooit los staan van dié wat aan Hom behoort nie. Wat hier van Hom as eersteling geld, geld ook van almal van wie Hy die eersteling is, en dit is al die gelowiges. Sy opstanding as eersteling beteken dus dat al die gelowiges wat Hy as eersteling verteenwoordig, sal deel in die salige opstanding waaraan Hy reeds deel het (vgl. 1 Tess. 4:14).

Die sekerheid dat daar 'n opstanding uit die dood is, kan *derdens* volgens Paulus in die natuur gesien word. Iemand kan immers vra: “Hoe word die dooies opgewek? Watter soort liggaam sal hulle hê?” (1 Kor. 15:35). In sy antwoord daarop sê Paulus dat dit 'n dom vraag is, want dit wat die vraesteller betwyfel, vind elke dag in die natuur plaas. 'n Koringkorrel word byvoorbeeld gesaai. Dit word begrawe in die grond. As koringkorrel sterf dit en hou dit op om te bestaan.

Daarmee loop alles egter nie ten einde nie. Juis as die koringkorrel in sy gedaante as korrel ophou om te bestaan, kan dit in 'n ander gedaante, naamlik as lewende plant, daaruit tevoorskyn kom.

Dit wat nou in die natuur gebeur, sal eenmaal ook deur 'n beskikking van God met sy kinders gebeur by die wederkoms van Christus: hulle sal opstaan uit die dood. So leer ook die natuur ons dat daar 'n liggaamlike opstanding uit die dood is.